# Hulp en Hoop

*Kwartaal Nuusblad van die Hulp en Hoop Gemeenskapskerk*

Kwartaal 2 — Junie 2019



**KERKKANTOOR**
PostNet Suite # 50
Privaatsak X 2449
Mokopane 0600
Tel / Faks : (015) 491 3537

Finansiëel :
Truly Truter
fin@ngpottiessuid.org.za

Admin :
admin@ngpottiessuid.org.za
Anita Hurn

**LERAAR**
**Ds Jacques Erasmus**
072 653 9845 /
015 491 3539 (h)
**Kantoor-ure 015 004 2630 (jeughuis)**
jacques@ngpottiessuid.org.za

**BESOEK ONS GERUS OP ONS WEBBLAD**
www.nghulpenhoop.co.za
www.facebook.com/nghulpenhoopgemeenskapskerk

**GEDENKTUIN NAVRAE**
Besoek die kerkkantoor


## In die uitgawe


| | |
|---|---|
| SWARTBORDPROJEK | 2 |
| BYE SE ROL IN DIE OMGEWING | 2 |
| GEMEENTE FINANSIES | 2 |
| JEUG | 3 |
| STERKRIVIER BASAAR | 4 en 5 |




**Die Kerkraad het by sy vergadering gehou op 29 Mei besluit om *Madelein Strydom* te beroep.**

## BEROEPINGSPROSES

Ons gemeente en meer direk die Kerkraad is die afgelope paar maande besig met die proses om 'n nuwe leraar te beroep.

Die Kerkraad het die taak met oorleg aangepak met die leiding van die Heilige Gees. Met oorsig van die Ring is ek van mening dat die proses glad verloop het.

Die uitstekende kandidate wat aansoek gedoen het, het ook die proses vergemaklik en ons is volvertroue dat die regte keuses gemaak is.

Ons sien uit na wat die toekoms vir ons as gemeente inhou en waartoe die Here ons lei.

Ons gemeente is tans in 'n unieke fase en betrokkenheid van alle gemeente lede speel 'n baie belangrike rol in die pad vorentoe.

Ek wil graag die Kerkraad bedank vir hulle beskikbaarheid en bydrae van elke lid om hierdie proses suksesvol te voltooi.

## BESOEKE AAN ANDER GEMEENTES

Tydens aksie vergaderings en Kerkraadsvergaderings is daar besluit om drie gemeentes te besoek om sodoende nuwe idees, sowel as bevestiging te kry dat ons gemeente op 'n groei pad beweeg, in lyn met moderne tye waarin ons leef.

Gemeentes in Polokwane, Petoria en Nelspruit van verskillende denominasies is deur lede van die Kerkraad besoek en die bevindinge was baie interessant. Terugvoering van die besoeke het die volgende twee hoofpunte opgelewer:

-Aan die eenkant is gevind dat ander gemeentes met soort gelyke uitdagings deel in elke aspek van die Kerk.
-Daar is ook gesien dat innoverende, vernuwe denke sowel as tegnologie 'n groot bydrae kan lewer tot die groei van die gemeente en die uitleef van Christenskap en ons doel as lidmate van die Kerk.

Die belangrikheid van ons betrokkenheid in ons gemeenskap en die wêreld, as Christene het baie duidelik navore gekom vir my persoonlik.

Die besoeke was 'n groot sukses en dit sal defnitief die moeite werd wees om dit in die toekoms weer te doen. Goeie vriendskappe is gemaak en elke gemeente het ons openlik ontvang en selfs geloof oor die openlikheid en gesindheid waarmee ons die besoeke aangepak het.

Dankie aan elke Kerkraadslid wat hulle persoonlike tyd hier voor opgeoffer het.


## BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER

Ek glo nie ek kon in 'n meer interessante tyd en fase, met al die gebeure en veranderinge in die NG Kerk sowel as in ons plaaslike gemeente die afgelope tyd, by NG Hulp en Hoop Gemeente betrokke gewees het nie.

Die grondslag van die vorige en huidige leiers en leraars is duidelik sigbaar vir my en dit is 'n voorreg om daarop voort te bou. Die Kerkraad het in tye deur moeilike omstandighede en uitdagings saamgestaan en ek is oortuig dat die Here 'n pad saam met ons hele gemeente stap om 'n belangrike rol te speel in Mokopane en in die groter omgewing. Ons fokus op jeug en gesinne lê my persoonlik na aan die hart en dit is 'n voorreg om deel te wees van ons Gemeente.

Alle eer gaan aan God wat ons daagliks leiding gee om sodoende Sy Koningkryk uit te brei. Dit is nou meer as ooit belangrik dat almal betrokke is en saam staan in die tye wat vir ons voorlê.
Ek is opgewonde in Christus en sien uit na die volgende fase van ons gemeente.

> *"ALLE EER GAAN AAN GOD WAT ONS DAAGLIKS LEIDING GEE OM SODOENDE SY KONINGKRYK UIT TE BREI. "*




## SWARTBORDPROJEK 2019

Elke jaar gedurende die Julie vakansie bied Judea Getuienisforum saam met Universiteitsoord 'n uitreik aan vir kinders in Gr 11 en Gr 12 van die gemeenskap om hulle te help om hulle Wiskunde, Wetenskappe en Rekeningkunde punte te verbeter. Studente van die Universiteit van Pretoria en jongmense uit die gemeenskap wat voorheen voordeel uit die klasse gekry het, bied die klasse aan. Hierdie jaar gaan Gr 10 leerlinge ook bywoon.

Die uitreike is agt jaar gelede begin en elke jaar is daar 'n groot verskil gemaak in die lewens van jongmense. Die kinders verbeter nie net hulle akademiese prestasie nie, maar maak ook nuwe vriende en word in 'n informele omgewing gehelp deur toegewyde studente wat nie veel ouer as hulle is nie. Die student word bloot gestel aan 'n nuwe omgewing en 'n lewe buite die universiteit. Hulle beleef ook wat dit is om 'n verskil te maak in die lewens van ander mense van alle rasse en agtergronde.

Die uitreik word hierdie jaar weer by Hoërskool Piet Potgieter gehou van 24 tot 28 Junie.

Baie dankie aan almal wat nog elke jaar bygedra het om mense weer hoop te gee vir 'n beter toekoms.

Bid asb dat die uitreik hierdie jaar weer mense se lewens kan aanraak en ook geestelik sal laat groei.

## BYE SE ROL IN DIE OMGEWING

*"ONS LEWENS IN DIE WÊRELD OM ONS, MOET SO DEUR ONS CHRISTENSKAP BEINVLOED WORD, DAT DIE WÊRELD AFHANKLIK IS VAN GOD OM AAN TE HOU FUNKSIONEER"*

Albert Einstein het gesê dat wanneer bye sou uitsterf dat die aarde binne vier jaar sal vergaan. As mens na bye se ekologiese rol kyk is dit nie te vergesog nie.

Bye speel 'n ongelooflike groot rol in die omgewing. Hulle is die hoof bestuiwers van meeste blomdraende plante op aarde en kan aangetref word basies in elke ekosisteem op aarde waar daar plante is. Hulle sorg dat plante versprei en nuwe generasies vorm wat die basis van die voedsel ketting uitmaak. As die gedeelte van die voedselketting weggevat word gaan al die vlakke bo hom een vir een ook tot niet gaan. Dit gaan ook n groot impak maak op suurstofvervaardiging in die atmosfeer wat krities belangrik is vir lewe op aarde. Meeste ekosisteme kan nie funksioneer sonder bye as deel daar van nie.

Bye speel n massiewe rol in voedselprodusering ook. Omtrent alle vrugte is afhanklik van bye om blomme te bevrug om vrugte te produseer. Volgens sekere bronne is tot n derde van ons dieet afhanklik van bye. Die heuning wat deur bye geproduseer word is reg deur die wêreld 'n bron van voedsel wat nie maklik kan bederf nie. Daar is 'n houer heuning in een van die grafte in die piramides gevind wat na raming 9 000 jaar oud is en die heuning daarin was nog steeds eetbaar. Heuning se eetbaarheid is nie al voordeel nie maar dit het ook ongelooflike antibakteriese eienskappe.

Bye is vir my ook 'n baie mooi metafoor vir ons as christene. Ons lewens in die wêreld om ons, moet so deur ons christenskap beinvloed word, dat die wêreld afhanklik is van God om aan te hou funksioneer. Ons moet daar in die wêreld laat groei en leef en Sondae weer terug na die korf toe kom om weer energie te kry sodat ons verder kan lewe bring in die wêreld. En die resultaat daarvan is dat ons heuning sal maak wat nooit sal vergaan nie.

Mag ons gaan en Jesus se bye in die wêreld wees wat lewe in die wêreld bring.



## FINANSIES



Die MiniFin doen graag hiermee verslag van die gemeente se Finansies.

Ons het 536 besoekpunte met 903 belydende en 350 dooplidmate. Ons het twee leraarposte, waarvan een nou geruime tyd vakant is. Ons ervaar ook, soos ons gemeentelede, die moeilike finansiele tye waarin ons leef.

Uitgawes word bestuur in lyn met die begroting. Die eerste twee maande van die jaar het ons nie ons begrote inkomste bereik nie. Dit word toegeskryf aan die swak ekonomiese toestand en die laer kerkbywoning.

Daar is egter nou 'n gees van afwagting met die groot stap van die beroeping van ons jeugleraar. Dit gaan goed met ons jeugwerk. Ons glo dat daar ekstra aandag aan ons jongmense gegee moet word, want hulle is die kerk van die toekoms. Die belangrikheid van alle lidmate word in ag geneem. Elke persoon se gawe moet gebruik word ter uitbreiding van God se ryk hier op aarde.

Bydraes aan die gemeente word op verskeie maniere gemaak.

- Per debietorder: Jy kom teken 'n vorm by die kerkkantoor en ons vorder dit maandeliks. Ons kontak jou ook as jou debietorder 'n jaaroud is, om te verneem of jy bereid is om jou bydrae te verhoog.
- Jy kan self 'n internet betaling doen.
- 'n Inbetaling by die Kantoor kan in kontant of op die kaartmasjien kan gedoen word.

Enige navrae oor die gemeente se Finansies kan gedoen word by Kerkkantoor en enige lid van die Mini Fin komitee.

Kom help ons om 'n ywerige Gemeente te wees in navolging van ons Here Jesus, om Sy koninkryk uit te brei hier op aarde. Daarvoor het ons elke bydrae nodig.

## JA Aande

'n Gemiddeld van 20 senior jongmense (Hoërskool) woon die aanddienste getrou by en geniet die aktiwiteite, koeldrank, lekkergoed, koffie/milo ens na die tyd. Ons beplan lekker geleenthede en dinge vir die volgende kwartaal al is dit winter.



## KINDERKERK / Gesinsdienste

Met Frikkie en Hes wat nou al so deel is van die maatjies, is daar geen vervelige oomblik nie.

Ons leer elke 2de Sondag op 'n baie lekker manier meer van Jesus.









## Kinderpinkster / Speletjiesmiddag

Ons het Vrydag 31 Mei 2019 Kinderpinkster gehad. Daar was so 22 kinders en Frikkie en Hes was natuurlik ook daar. Hulle wil niks mis nie! Almal het lekker saam geleer oor die Heilige Gees en daarna pret gehad met balonne en speletjies.










## STERKRIVIER BOERE BASAAR

**BAIE DANKIE AAN ALMAL WAT HARD GEWERK HET OM VAN DIE DAG 'N REUSE SUKSES TE KON MAAK.**

Dankie aan elkeen wat op een of ander manier betrokke was. Ons dank die Here vir 'n geseënde dag vol liefde, vrygewigheid en samesyn!







# BOERE BASAAR






## Sterkrivier Gemeenskapskerk